RPO
Nasionaal
National

Tel: (+27) 12 349 1102
Faks/Fax: (+27) 12 349 1054
E-pos/E-mail: rpo@lantic.net
Quinton Brandstraat 2 Quinton Brand Street
Eulophia Corner, PERSEQUOR PARK 0020
Posbus/PO Box 132
PERSEQUOR PARK 0020

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

RPO GESKOK OOR AANKONDIGING VAN BOTSWANA OOR LEWENDIGE BEES-UITVOERE

Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het met skok en verbasing kennis geneem dat die Minister van Landbou-ontwikkeling en Voedselsekuriteit van Botswana bekend gemaak het dat beeste op 'n tydelike basis vir slagting toegelaat sal word om uitgevoer te word. Botswana se wetgewing het dit nog altyd verhoed.

Die aankondiging dui daarop dat ‘n maksimum van 30 % van totale kuddes uitvoer mag word. Die aankondiging het ten doel om boere te ondersteun in die droogte.

Aansoeke vir uitvoere moet gerig word aan die Departement van Diereproduksie van Botswana en moet aan die veterinêre invoervereistes van die invoerland voldoen en eienaarskap moet bewys word.

Botswana se Diere-inligting en Naspeurbaarheidstelsel sal gebruik word om eienaarskap van diere te bevestig.

Die RPO is van mening dat die eensydige aankondiging verdere finansiële druk sal plaas op kommersiële en opkomende beesboere in Suid-Afrika.

Die *Botswana Meat Corporation* (BMC) is ook in die proses om gestoorde beesvleis in groter hoeveelhede na Suid-Afrika uit te voer. Die implikasie hiervan is dat tesame met die effek van die aankondiging, beesvleis- en speenkalfpryse plaaslik onder druk kan kom.

Die RPO het ‘n geruime tyd gelede verseker dat invoerpermitte vir slagdoeleindes vanaf buurlande gefinaliseer is volgens die riglyne van die Internasionale Dieregesondheidsorganisasie (OIE) tesame met Standaard Operasionele Prosedures.

Die invoerpermit bepaal dat vee vanaf buurlande vir slagdoeleindes onder streng voorwaardes en met bewys van ‘n dieregesondheidsertifikaat, uitgevoer kan word. Die sertifikaat sluit ‘n lys van siektes in waarvoor getoets moet word om die siektevrye status te bewys. Dit mag ook kwarantynmaatreëls insluit. Die maatreëls bepaal verder dat die diere wat uitgevoer word vir slagdoeleindes direk na abattoirs in Suid-Afrika moet gaan en/of na voerkrale wat dan verplig is om die vee te slag.

Die Namibiese invoere van lewendehawe vir slagdoeleindes word tans op die basis hanteer. Die RPO verstaan dat weens die vryemarkmaatreëls wat binne die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en die Suid-Afrikaanse Doeane-unie geld, die invoere van Botswana nie verhoed kan word nie.

Die RPO sal egter toesien dat die invoere volgends die huidige invoermaatreëls vir invoere van lewendehawe vanaf buurlande vir slagdoeleindes sal geskied en 'n persoonlike gesprek is reeds met dr Mpho Maja, Direkteur : Dieregesondheid hieroor gevoer en die onderneming is gegee. Dit is ook so dat 'n standaard operasionele prosedure onderhandel moet word tussen die Botswana owerheid en die Direkteur Dieregesondheid, Suid-Afrika alvorens enige invoere kan geskied. Dit sal in oorleg met die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf geskied.

“Hierdie is net nog ‘n voorbeeld van buurlande wat maatreëls en wetgewing implementeer wat eensydig ingestel word en die RPO het ‘n probleem daarmee. Maatreëls word aangepas om die uitvoerland te pas sonder inagneming van implikasies. Hierdie aksie is eensydig en nie met die Suid-Afrikaanse industrie bespreek nie en ons is uiters teleurgesteld hieroor”, aldus mnr Koos van der Ryst, Voorsitter van die nasionale RPO.

Die RPO het ook vir Agri Inspec opdrag gegee om, in samewerking met die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling toe te sien dat daar aan die voorwaardes voldoen moet word.

- ooo O ooo -

Datum : 13 September 2019

Navrae :

Mnr Koos van der Ryst
Voorsitter
Selfoon : 083 303 7926

Mnr Gerhard Schutte
Hoof-uitvoerende Beampte
Selfoon : 082 556 7296